
*Toe het die aarde geskud en gebewe; die fondamente van die berge het gesidder en geskud, omdat Hy toornig was. Rook in sy neus het opgegaan, en 'n vuur uit sy mond het verteer; kole uit Hom het gebrand. En Hy het die hemel gebuig en neergedaal, en donkerheid was onder sy voete.*

*En Hy het op 'n gérub gery en gevlieg; ja, Hy het gesweef op die vleuels van die wind. Duisternis het Hy sy skuilplek gemaak, sy hut rondom Hom: duisternis van waters, diktes van wolke. Deur die glans voor Hom het sy wolke verbygetrek, hael en gloeiende kole.*

*En die Here het in die hemel gedonder, en die Allerhoogste het sy stem laat hoor; hael en gloeiende kole. En Hy het sy pyle uitgestuur en hulle verstrooi; ja, sy bliksems in menigte, en Hy het hulle verwar. En die beddings van die waters het sigbaar geword, en die fondamente van die wêreld is blootgelê vanweë u dreiging, o Here, vanweë die geblaas van die wind van u neus.*

*Hy het uit die hoogte sy hand uitgestrek, Hy het my gegryp, Hy het my uit groot waters getrek. Hy het my verlos van my magtige vyand en van my haters, omdat hulle te sterk was vir my.*

***(Psalm 18)***



Clarion Call



# DIE LEEU EN DIE LAM



# DISCLAIMER

***Not** the LION **vs** the LAMB*

*He is the Lion **AND** the Lamb*

# OPENBARING 5:5-9

*Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie ween nie; kyk, die* ***Leeu*** *wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek.*

# OPENBARING 5:5-9

*En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar 'n* ***Lam*** *asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde. Hy het gekom en die boek geneem uit die regterhand van Hom wat op die troon sit;*

# OPENBARING 5:5-9

*en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier-en-twintig ouderlinge voor die **Lam** neer, elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is. Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie,*

# *JESAJA 53:7*

*Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n* ***lam*** *wat na die slagplek gelei word en soos 'n* ***skaap*** *wat stom is voor sy skeerders — ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie.*

# *JOHANNES 1:29*

*Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die* ***Lam*** *van God wat die sonde van die wêreld wegneem!*

Clarion Call




Clarion Call


Clarion
Call


Clarion Call

*Wie is die lam?*

*Wie hou wie vas?*

*En wat het van die leeu geword?*

*Daar bestaan 'n verwarring oor die lam van God en wat dit verteenwoordig. En verkeerdelik word Jesus as 'n lammetjie beskou in sommige se verwysings raamwerk. Sag en vol liefde. Met n stertjie wat waai. Dalk te danke aan die Kinderbybel waar Jesus n lam vashou. Maar dis nie die prentjie wat die Bybel skets nie.*

*Binne die konteks van die Bybel, is Jesus veel eerder die Herder as die lammetjie.*

*Psalm 23, Joh 10:11, Mat 18:11*

*Waar Jesus wel na verwys word as die Lam, is dit in die lig van die sonde offer wat hy geword het en geslag is soos wat regte lammers vir jare voor dit geslag is en wat dus profeties gedui het op Jesus wie die finale slaglam sou wees.*

*Dus slaan die verwysing na Hom as die Lam, nie op sy karakter nie. Maar eerder op die taak wat Hy sou verrig.*

*Jesus word nêrens in die Bybel as n lammertjie uitgebeeld nie.*

*Die slaglam was ook in elk geval nie n lammetjie nie. Dit was n een jaar oue ram, wat biologies volgroeid was - fisies sterk, met horings en selfs gevaarlik.*

*'Julle moet 'n lam hê sonder gebrek, 'n* ***jaaroud rammetjie.*** *Van die skape of van die bokke kan julle dit neem.'* **(Eks 12:5)**

# JACOB SHEEP




+1 year old

*En indien ons steeds twyfel, kyk wat sê Openbaring van die Lam:*

*'..en die **konings** van die aarde en die **grotes** en die **rykes** en die **owerstes** oor duisend en die **magtiges** en al die **slawe** en al die **vrymense** het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van **Hom** wat op die troon sit, en **vir die toorn van die Lam**; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?'* ***(Op. 6:15-17)***

*Ons leef in n gevaarlike tyd, waar hierdie prentjie van Jesus, totaal verdraai is tot n tipe van n "hippie Jesus", wat met almal oor die weg kom, saam met almal stem, alles aanvaar en verdra in die naam van liefde. Mense word as die middelpunt van God se skepping geskets. En verbeel die mens hom, dat God geweldig besorgd is oor hom, en dat Jesus ons eindeloos lief het, en soos n lammetjie agter ons aan loop.*

Clarion Call



*Die Bybel leer ons andersom – die Vader het die Seun lief en het alles aan Hom oorgegee.*

*'Die Vader het die Seun lief en het alles in sy hand gegee.'* ***(JOH 3:35)***

*Vir hierdie rede buig ons onsself neer voor **HOM**, want **HY** is waardig om aanbid te word en daarom sal ons ook eendag ons krone voor **HOM** neerlê.*

*Want aan U behoort die koninkryk en die **krag** en heerlikheid tot in ewigheid.*

# OPENBARING 1:14-17

*Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam, en sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, en sy stem soos die stem van baie waters. En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag.*

# OPENBARING 1:14-17

*En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste*

*Het Hy ons lief.*

*Verseker! (terug na die disclaimer in die begin)*

*Maar nie op die manier wat dit baie maal uitgebeeld word nie. Nie ten koste van die waarheid en geregtigheid nie. Nie waar die mens die standaard stel en God maar net te goed en gaaf is en alles aanvaar in die naam van liefde en menseregte nie. Dit is n leuen.*

*Hierdie verdraaide idee vertroebel sy beeld en skep twyfel oor Sy krag, Sy gesag, Sy outoriteit en Sy majesteit.*

*Dit bring ons by die ander beeld van Hom…*

***Die Leeu***

*Juda is 'n jong **leeu**; van die roof af het jy opgeklim, my seun. Hy buig hom, hy gaan lê soos 'n **leeu** en soos 'n leeuin; wie sal hom opjaag? Die septer sal van Juda nie wyk nie, nòg die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en **aan Hom** sal die volke gehoorsaam wees.*
***(GÉN 49:9-10)***

*Want so het die Here vir my gesê: Soos 'n* ***leeu*** *en 'n* ***jong leeu*** *knor oor sy prooi wanneer die volle getal herders teen hom bymekaargeroep word, sonder dat hy skrik vir hulle stem of ingee vir hulle geraas —* ***só sal die Here*** *van die leërskare neerdaal om in die stryd uit te trek teen die berg Sion en teen sy heuwel.* ***(JES 31:4)***

*Want die Here Here doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie. Die* ***leeu*** *het gebrul, wie sal nie vrees nie? Die* ***Here Here het gespreek****, wie sal nie profeteer nie?* ***(AMOS 3:7-8)***

***Not** the LION **vs** the LAMB*

*He is the Lion **AND** the Lamb*

# ***ROMEINE 11:22***

*'Let dan op die* ***goedertierenheid*** *en die* ***gestrengheid*** *van God....'*

*'gestrengheid oor die wat geval het, maar goedertierenheid oor jou as jy in die goedertierenheid bly; anders sal jy ook afgekap word.'*

*‘Behold therefore the **goodness** and **severity** of God:…’* ***(KJV)***

*Severity = **sharply**, abruptly = any kind of **separation** of one thing from another*

# *HEBREËRS 4:12*

*Want die **woord** van God is lewend en kragtig en **skerper** as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die **skeiding** van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.*

*Die balans tussen die goedheid en die gestrengheid van God is baie belangrik.*

***Die gestrengheid van God dwing gesonde vrees af by ons.***

*Ons moet die volle prentjie van Jesus verstaan.*

*Hy is ons Koning.*

*Hy is DIE koning.*

*Ons is besig om te groei na n* ***koninkryk*** *toe. Waar die Koning die eerste en die laaste sê het. Waarin ons onderdane gaan wees en reeds behoort te wees.*

*Hoe sal n koninkryk bestaan as daar nie vrees is vir die koning nie?*

*Job het gesê, die vrees van die Here is die beginsel van wysheid.* **(Job 28:28)**

*Hoekom sal ons vrees, as ons nie kennis neem van Sy gestrengheid (severity) nie?*

*Dit is net so belangrik om sy gestrengheid te verstaan as Sy goedheid.*

*Ons kan en sal nie die goedheid en genade van God soek en waardeer, as ons nie Sy grootheid, krag en gestrengheid verstaan nie.*

# *HANDELINGE 16:26-30*

*En skielik kom daar 'n* ***groot aardbewing****, sodat die fondamente van die gevangenis geskud het. En onmiddellik het al die deure oopgegaan en die boeie van almal het losgeraak. En die tronkbewaarder het wakker geword; en toe hy sien dat die deure van die gevangenis oop was, het hy 'n swaard getrek en wou homself om die lewe bring, in die mening dat die gevangenes ontvlug het.*

# HANDELINGE 16:26-30

*Maar Paulus het met 'n groot stem geroep en gesê: Moenie jouself kwaad aandoen nie, want ons is almal hier. En toe hy lig gevra het, spring hy na binne en* ***val bewende voor Paulus en Silas neer****. En hy het hulle na buite gebring en gesê: Menere, wat moet ek doen om gered te word?*

**Die gestrengheid van God gee waarde aan Sy goedheid en genade.**

*Dit is die gestrengheid van God wat ons na Sy genade toe dryf. As ons verstaan en glo dat God streng en regverdig is en dat Hy n waarmaker is van sy woord - ook van sy waarskuwings - dan sal ons Sy aangesig en Sy genade soek EN waardeer. En uit dit sal ons Hom aanbid en verheerlik.*

*Jy verstaan hoe groot jou skuld is, as jy verstaan aan wie jy dit verskuldig is en wat die gevolge daarvan gaan wees.*

*Die skuld dra net soveel gewig soos die een aan wie jy dit verskuldig is. As jy nie veel dink van die skuldeiser nie, gaan jy nie so haastig wees om die skuld uit te sorteer nie.*

# MATTHÉÜS 5:25-26

*Wees gou goedgesind teenoor jou teëparty so lank as jy nog saam met hom op die pad is, sodat die teëparty jou nie miskien oorgee aan die regter en die regter jou oorgee aan die geregsdienaar en jy in die gevangenis gewerp word nie. Voorwaar Ek sê vir jou, jy sal daar sekerlik nie uitkom voordat jy die laaste oortjie betaal het nie.*

*Hierdie vrou het iets daarvan verstaan....*

# *LUKAS 7:44-47*

*Daarop draai Hy om na die vrou en sê vir Simon: Sien jy hierdie vrou? Ek het in jou huis gekom — water het jy nie vir my voete gegee nie; maar sy het met haar trane my voete natgemaak en met die hare van haar hoof afgedroog. 'n Soen het jy My nie gegee nie; maar sy het, vandat sy ingekom het, nie opgehou om my voete te soen nie.*

# LUKAS 7:44-47

*Met olie het jy my hoof nie gesalf nie; maar sy het my voete met salf gesalf.*

*Daarom sê Ek vir jou: Haar sondes wat baie is, is vergewe, want sy het baie liefgehad; maar hy vir wie weinig vergewe is, het weinig lief.*

# OPENBARING 3:16-19

*Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug. Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie.*

# OPENBARING 3:16-19

*Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien. Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou.*

*Wat maak ons hiermee?*

*Dit behoort ons te lei na gehoorsaamheid.*

*As ons besef voor wie ons staan, hoe ernstig sy gestrengheid is en dat daar gevolge is as ons Sy genade verwerp, sal ons haastig wees om gehoorsaam te wees.*

*Ons sal eerste vergewe*

*Ons sal haastig wees om te belei*

*Ons sal stadig wees om te oordeel*

*Ons sal naby aan Hom bly, om te hoor wat Hy sê*

*Ons sal getrou wees in ons offers*

*Ons sal getrou wees in diensbaarheid*

*Ons sal dankbaar wees in alles*

*Ons sal volhard in verdrukking*

*Ons sal voor hom neerbuig en voor hom lê in aanbidding*

*As ons dink hy is net liefde en goedheid met geen gestrengheid nie, sal ons maklik deur die selfsig van ons vlees verlei word en traag wees in die bogenoemde.*

*Die besef van God se gestrengheid en die erns van wie Hy is, sal uiteindelik ons lewe red.*

*Die belangrikste vers in die Bybel is nie Johannes 3:16 nie...*

*Daar is ten minste een belangriker een wat as volg lees:*

*'...en daar sê 'n stem uit die wolk: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.* ***Luister na Hom****!*

*En toe die dissipels dit hoor, het hulle* ***op hul aangesig geval en was baie bevrees. (MAT 17:5-6)***

*Want ons ken Hom wat gesê het: My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, spreek die Here; en weer: Die Here sal sy volk oordeel.*

***Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God. (HEB 10:30-31)***

# DIE LEEU EN DIE LAM

